Uit die hoof se kantoor

Ek wil graag elke leerder bedank wat sy of haar beste gee in die klaskamer, op kultuurgebied en op die sportveld. Ons leerders werk baie hard en dit is duidelik sigbaar in die kwaliteit van hul werk.

Julle skitter in kompetisies en toernooie, en julle het bewys dat ware sportmanskap nie net oor wen gaan nie, maar ook oor die respek en integriteit wat julle toon teenoor teenstanders.

Baie sterkte aan al ons leerders met die eksamens wat voorlê. Mag jul rustig wees, jul kennis toon, en jul potensiaal bereik. Ons glo in julle.

Skoolure vanaf Donderdag 30 Mei 2024

Gr. 1 – 7
As gevolg van die eksamen wat om die draai is, sal die skool vanaf 30 Mei tot 13 Junie om 11:45 uitkom vir gr. 1 en om 12:00 vir gr. 2 – 7 leerders. Ons is oortuig daarvan dat die inligting u goed te pas gaan kom om u kind by te staan met die voorbereiding vir die eksamen. Wagklasse is beskikbaar vir leerders wat eers om 13:30 afgehaal kan word.

Baie sterkte vir die eksamen wat voorlê. Ons weet die leerders gaan hulle bes doen en goeie punte behaal.

Kleuterskool: gr. RRR – R
Die dagprogram van die kleuterskool sal om 11:45 eindig, en is u welkom om u kind dan te kom haal. Daar sal wagklasse beskikbaar wees tot 13:00.

SKOOL SLUIT OP 14 JUNIE OM 11:00 VIR GR. RRR – 7.

Nasorgsentrum
Die nasorgsentrum sal oop wees vir leerders wat by die nasorg ingeskryf is.

Netbal

Baie geluk met die netbaldogters se uitstekende prestasies hierdie seisoen. Ons o.11B eindig 5de in Gert Sibande.

Baie sterkte aan die o.10A en B spanne wat Dinsdag, 21 Mei aan die uitspele by Laerskool Trichardt deelneem.

Sterkte aan die o.11A, o.12A en o.13A spanne wat Saterdag aan Gert Sibande uitspele in Ermelo deelneem.

RUGBY

Baie geluk aan ons o.10 span wat L/S Goedehoop 34-12 gewen het in ‘n vriendskaplike wedstryd op Dinsdag 14 Mei 2024.

Ons spanne eindig ook soos volg in die mediumskole liga:

o.9	-	3de
o.10	-	1ste
o.11	-	4de
1ste span	-	2de

Vakansiedag

Die skool sal gesluit wees op Woensdag, 29 Mei (Openbare vakansiedag – verkiesing).

Vriendelike groete

MNR. J. BOTHMA
HOOF